Hoërskool Lydenburg

High School Lydenburg

Omsendbrief 01/2020
Kwartaal 1

Beste Ouer/Voog
Dear Parent/Guardian

Baie welkom aan elke nuwe Hoërskool Lydenburg-gesin, en baie welkom terug aan ons bestaande gesinne! We do hope 2020 will be a successful and blessed year for you.
Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

NUWE PERSONEEL EN NUWE LEERDERS

Dit is vir Hoërskool Lydenburg 'n voorreg om die volgende personeel hartlik te verwelkom in die Hoërskool-familie:

Mnr. G. Hollamby – Geografie
Mev. E. Hollamby – Fisiese Wetenskap en Wiskunde
Me. R. van Blerk – Afrikaans
Me. J. Richards – Afrikaans
Mev. M. Smuts – English
Mev. Alettha du Toit – koshuismatrone

Baie geluk aan **mnr Alex Fourie** met die geboorte van hul tweeling, Xean en Xiné op 23 Desember 2019. Hoërskool Lydenburg bid julle baie seën toe.
A hearty welcome to all of our **Grade 8 learners and their parents.** We believe that over the next 5 years we will bond and support one another. **Please become involved** in the school activities and support your child in everything he/she participates. Another word of welcome to our other new parents and learners in the other grades. Please encourage your child to become involved in the extra mural activities in order for him/her to become part of the school's heart beat.

GRADE 12 2019 RESULTS

Die matriekgroep van 2019 het Hoërskool Lydenburg se naam weereens hoog gehou.
Met ons 97% slaagsyfer is ons weereens die top skool in die Distrik!
Lefa Masia het 'n gemiddeld van 88,86% behaal, met 6 onderskeidings!
Wiam Kruger het 'n gemiddeld van 88,43% en 7 onderskeidings.
Marco Kruger het 'n gemiddeld van 88% en 7 onderskeidings.
Jané Maliepaard, Keneilwe Shai en Solly Malepe het elkeen 6 onderskeidings behaal.
A total of **171 distinctions** and 123 learners passed with university exemption.

Kerkstraat
Posbus 28
Lydenburg
1120

Tel: (013) 325 2111 / (013) 235 2112 / (013) 235 1090
e-pos: chrismari@lydenburghs.co.za
www.lydenburghs.co.za

SKOOLFONDS EN VAKFOOIE

Baie dankie aan elke ouer wat reeds hierdie jaar se skoolfonds ten volle vereffen het, asook alle ouers wat die eerste kwartaal se skoolfonds reeds betaal het.

U het die volgende betaal-opsies:

- **Eenmalig R16 060**
- **Maandeliks vir elf maande: Januarie tot 7 November 2020 R1 460 per maand betaalbaar voor die 7de.**

Should you be experiencing financial difficulties at this stage, **please contact the finance office without fail, and complete the necessary documentation immediately. The sooner you make these arrangements, the better. Contact Yvette O'Grady in this regard.** Subsidy forms are available and must be submitted on or before 7th February.

Vakfooie, werkboek- en studiegidsgelde moet asseblief teen die einde van Januarie vereffen wees. Indien dit nie vir u moontlik is nie, moet u sonder versuim 'n **skriftelike reëling met die vakonderwyser tref, t.o.v die afbetaling**.

Subjects with a practical component require that the fees be paid beforehand in order for the learner to start with the practical sessions.

WEB, D6 COMMUNICATOR, SELFOONTOEPASSING

Die skool se webblad verskaf al die nodige inligting wat u verlang.

Registreer op D6 Communicator en word deurentyd op hoogte gebring van belangrike inligting. Laai die toepassing (app) af deur van Playstore gebruik te maak. Rig u navrae t.o.v D6 aan **andhanekom@gmail.com**

Volg ons asseblief ook op Facebook en Instagram.

GEBEDSGROEP

To pray for the school on a regular basis, is of the utmost importance. For quite a number of years a group of mothers has come together once a week in order to do so. The school would like to call on our mothers to become part of this valuable group. Fathers are also most welcome.

Die groep kom een oggend van die week bymekaar om saam te bid. Indien u geroepe voel om saam te kom bid, stuur asseblief 'n boodskap aan Corrie-Griet Joubert by 082 714 6386 of Delene Burger by 082 895 5170.

OLIMPIADE INLIGTING

Leerders word uitgenooi om aan die volgende olimpiades, wat deur **SAASTA** aangebied word, deel te neem:
NATUURWETENSKAP, LEWENSWETENSKAP EN FISIESE WETENSKAP
NATURAL SCIENCES, LIFE SCIENCES AND PHYSICAL SCIENCES
Inskrywingsfooi: R35, betaalbaar **voor 28 Januarie 2020**
Papers will be written directly after school. Dates of papers:
Natuurwetenskap / Natural Sciences Gr8 en 9 – 2 April
Lewenswetenskap / Life Science Gr10 tot 12 – 2 April
Fisiese Wetenskap / Physical Science Gr10 tot 12 – 6 April

SAASTA reik die sertifikate uit aan alle leerders wat meer as 50% verwerf.

DISCIPLINE / DISSIPLIENE

Merits are issued to learners as a reward for participation in school activities. Merits are issued according to the explanation on **page 8 in the diary.**
Dit is die leerder se verantwoordelikheid om 'n strokie by ontvangs te gaan afhaal, dit te voltooi, en te laat teken vir hierdie aktiwiteite.
A fully completed form must then be handed in to **Ms Jacobs, room 117,** to capture the merits.

SPORT

Rugby

1ste span: Hansie Week, 23-28 Maart, R3500 per persoon.
u/14, u/15, u/16: Danie Rossouw Rugby week, 21 – 24 March, R1500 per person.

Hokkie/Hockey

Hokkie Boys – 1st Team – To be confirmed
u/14, u/16: Lydenburg Hockey clinic 23 – 25 March, R1800 per person

Hokkie dogters – Moet nog bevestig word.
u/15, u/16: Lydenburg Hokkie kliniek 23 – 25 Maart, R1800 per persoon.

Netbal

1st Team and u/15: Erin Burger Camp, 23 – 25 March.
u/14, u/16, en 2de span: Raloka Netbal week, 23-25 Maart, R3500 per persoon.

KULTUUR / CULTURE

Landsdiens/Land Service

Welkom aan al die huidige en nuwe landsdieners! Ons skop af met ons klubkamp. Dit vind plaas op Vrydag 31 Januarie en Saterdag 1 Februarie by Laske Nakke.
Make sure to give your name to **Ms. Venter in room 57** before **Friday, 24 January**. As part of our four loves at Land Service, we are appealing to every learner, parent and community member to please send ANY leftover paint, paintbrushes or even spray paint to the school, in order for us to help add some colour to Estralita's corridors by touching up their hopscotch and counting patterns.

In Desember 2019 het 6 van ons leerders, Hanco Barnard, Mia Broodryk, Seante Taylor, Mischa Blom, Andrea Hamman en Monique Koekemoer aan die Nasionale kamp deelgeneem. Hulle het baie goed gevaar en LHS se naam hoog gehou.

ATKV Public Speaking/ ATKV Redenaars

Everyone who would like to participate must pay R195 to mrs Masilela and bring the receipt to mrs Couvaras in room 83. Closing date for payments is 10 February 2020. Once learners have paid, they will receive all of the necessary info regarding the public speaking.
ATKV - Debat registrasies open reeds. Kontak asb vir **me. Van Blerk** indien jy belangstel.

Radikale Redenaars

Dit vind later in die jaar plaas en ouers en leerders sal aan die einde van Februarie meer inligting daaroor ontvang. Mev Couvaras sal met navrae kan help.

Eisteddfod

Eisteddfod registrations open in February, see **ms Lamprecht** for info.

Blyspel/Musical

In Oktober 2020 bied LHS die blyspel **HAIRSPRAY** aan. Kaartjieverkope open reeds op 23 Maart. Koop vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

ALGEMEEN / GENERAL

Graad 8 / Grade 8

Ons nuwe Gr 8 – "Giellie" leerders het die afgelope naweek hul gr 8-kamp bygewoon. Ons glo dat elkeen van julle dit baie geniet het, goeie inligting van die skool ontvang het, en waardevolle vriendskappe gesmee het.

The grade 8 learners will also showcase their talents during the gr 8 concert on 29 and 30 January. Come and join in the Giellies effort to take over the country. The Youth Council was responsible for the text and coaching of the gr 8's.

Die Jeugraad en nuwe personeel gaan ook hul talente met humoristiese opvoerings ten toon stel.

Each grade 8 learner will receive a name badge during the badge giving ceremony. At this prestige's event the grade 8 learners will be welcomed as part of Hoërskool Lydenburg.

Indien u kind nie die graad 8 - kamp bygewoon het nie, moet hy/sy asb die naambalkie by Mnr Botha bestel. Bring jou dagboekie en R20 saam. Hierdie naambalkie vorm deel van die skoolklere en moet elke dag gedra word.

A great thanks to all the gr 8's for participating in all the activities at Hoërskool Lydenburg.

Advertensiegeleentheid

Ons skool het 'n groot terrein en ons bied baie funksies en sportgeleenthede aan waar u u besigheid met groot vrug kan adverteer. Om van die uitstekende geleentheid gebruik te maak, skakel me H Barnard by die fiinansies kantoor van die skool – 0132352111.

Our school premises are vast and we host many functions as well as sporting events where your business could receive widespread exposure. In order to avail yourself of this exceptional opportunity, contact Mrs H Barnard at LHS – 0132352111.

Maatskaplike kantoor / Social work office

LHS poog om op ‘n daaglikse basis kospakkies en maandelikse toiletware aan behoeftige leerders te voorsien. Om dit moontlik te maak, is ons van skenkings en diensbaarheid van ons skoolgemeenskap afhanklik.

We urgently need the following:

- Book covers (Paper, plastic, cellotape)
- Toiletries
- Donations for daily food parcels (Cash or products are welcome)
- Sponsors to supply a food parcel for our needy athletes.

Vir enige navrae of om betrokke te raak of bydraes te maak, kontak gerus vir me A van der Merwe, 013-235 2111

_____

ME C AUCAMP
ACTING PRINCIPAL